

Aan: Tim Du Plessis
Redakteur: Rapport

Faks No: 011 713 9980

Datum: 2nd November, 2006

P W BOTHA

P.W. Botha het sy politieke loopbaan begin as 'n party-organiseerder vir die NP. As sodanig moes hy verkiesings en tussenverkiesings organiseer: Dit het hom feitlik verskans teen enige ander politieke omwentelings in die land behalwe wat in die "wit politiek" aangegaan het. Tot en met sy dood het hy nooit werklik die dinamika van bevrydingspolitiek verstaan nie.

As president was meeste van sy aanslag teen diegene wat blanke politieke beheer van Suid-Afrika bedreig het. Aanvanklik was dit die Sappe, later die Progge en uiteindelik die Marxiste en kommuniste: Enigiemand wat enigsins probeer het om die geldigheid van bevrydingspolitiek te verduidelik, is daarvan beskuldig dat hulle "in Moskou se koor gesing het". Saam met die Weermag, veral onder genl Magnus Malan het hulle die politiek in Suid-Afrika verdeel tussen 'n "totale strategie" wat 'n "totale aanslag" moes beveg het. Aan die voerpunt van die totale aanslag was Moskou en sy handlangers, die ANC, kommuniste en liberaliste !! Magnus Malan het my in die Parlement daarvan beskuldig dat ek in "Moskou se koor sing" terwyl P.W. Botha goedkeurend met 'n glimlag sy kop geknik het.

Maar paradoksaal, was dit die einste weermag onder die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel (NVBS), wat dit onder Botha se aandag gebring het dat die huidige stelsel van apartheid nie gehandaaf kon word nie, en dat "aanpasings" moet kom. Die reaksie hierop was die driekamerstelsel, beperkte regte vir stedelike

swartmense en geheime kontakte met Mandela, (Kobie Coetzee), op Robbeneiland, en met Mbeki in die buiteland (Willie Esterhuise et al) (Neil Barnard was ook besonder aktief met voelers uitsteek).

Ironies het hierdie hervormings 'n massiewe teenstand binnelands en buitelands ontketen. In 'n sekere sin was P.W. Botha "die vader" van die U.D.F. Sy reaksie was twee periodes van noodtoestande waarin duisende mense vervol en sommige doodgemaak is. Dit het net weerstand versterk en is die driekamerstelsel feitlik doodgebore. Die internasionale status van die ANC het geweldig gegroei en is meer en meer aangedring dat P.W. Botha met hulle moet onderhandel. Amptelik het hy hardkoppig geweier; nie-amptelik het hy steeds deur sy verteenwoordigers (m.a.w. Barnard, Esterhuize et al.) probeer uitvind hoe bereid die ANC en Mandela veral, was om alternatiewe te ondersoek.

Dit is in hierdie periode waar hy deur twee beroerte-aanvalle lamgelê is en wat uiteindelik F.W. de Klerk as staatspresident oorgeneem het. P.W. Botha was beide teen die aard en omvang van de Klerk se hervormings fanaties gekant, maar sy irrelevansie was toe al 'n voldonge feit.

As persoon was hy nie 'n gemaklike mens nie, veral as jy sy opponent was. Vir my het hy apartheid versinnebeeld, self in sy pogings om dit te hervorm. Hy was nie goed belese nie; al was hy goed ingelig deur sy veiligheidsopset. Dit was vir hom net geneties onmoontlik om te aanvaar dat blankes nie tot in der ewigheid die finale seggenskap in Suid-Afrika sou hê nie. Die beleid en strategieë van die ANC, PAC, UDF en ander was vir hom doodeenvoudig voorgesê deur Moskou. Hy wou net nie glo dat hulle in staat was om onafhanklik te dink nie. Hy het polities eensaam verbygegaan en dit is teverstane dat hy nie 'n Staats Begrafnis wil hê nie.

DR F VAN ZYL SLABBERT